



**RIGLYNE VIR 'N AKADEMIESE ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR  
DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSAPPE AAN DIE  
TECHNIKON PRETORIA**

deur

**GAWIE STOLTZ ENGELBRECHT**

N Dip NH Dip NHOD BEd MEd

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die  
vereistes vir die graad

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

in die Fakulteit Opvoedkunde,  
Universiteit van Pretoria,  
Pretoria

PROMOTOR: Dr P H du Toit

MEDEPROMOTOR: Prof A de Boer

November 1999



**RIGLYNE VIR 'N AKADEMIESE ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR  
DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSAPPE AAN DIE  
TECHNIKON PRETORIA**

deur

**GAWIE STOLTZ ENGELBRECHT**

N Dip NH Dip NHOD BEd MEd

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die  
vereistes vir die graad

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

in die Fakulteit Opvoedkunde,  
Universiteit van Pretoria,  
Pretoria

PROMOTOR: Dr P H du Toit

MEDEPROMOTOR: Prof A de Boer

November 1999



## DANKBETUIGINGS

Graag betuig ek my opregte dank en waardering aan:

- My vrou, Mariè, vir haar onbeperkte liefde en volgehoue ondersteuning.
- Dr Pieter du Toit vir sy insette, hulp en leiding.
- Daardie familielede, vriende, kennisse en kollegas wat oor die jare heen ‘n bydrae tot my studies gemaak het.
- Die volgende personeel te Technikon Pretoria sonder wie se hulp, bystand en ondersteuning hierdie studie nie moontlik sou gewees het nie, naamlik prof Nico du Preez, prof Mynhard van der Merwe, prof Peter van Eldik, dr Amanda Lourens en Hugo Mouton.
- The financial assistance of the National Research Foundation towards this research is hereby acknowledged. Opinions expressed in this study and conclusions arrived at, are those of the author and are not necessarily to be attributed to the National Research Foundation.

*Hierdie studie is ter nagedagtenis aan my dogtertjie*

*“Cindy” en opgedra aan my vrou “Mariè”.*

**SOLI DEO GLORIA**

Die skrywer

November 1999



## **SAMEVATTING**

**Riglyne vir 'n akademiese ontwikkelingsprogram vir die Fakulteit Ekonomiese**

**Wetenskappe aan die Technikon Pretoria**

**deur**

**Gawie Stoltz Engelbrecht**

Promotor: Dr P H du Toit  
Medepromotor: Prof A de Boer  
Universiteit: Universiteit van Pretoria  
Departement: Didaktiek  
Graad: Philosophiae Doctor (Kurrikulumstudies)

Die swak akademiese prestasie en gepaardgaande hoë druipeyfer van veral eerstejaarstudente aan tersiêre inrigtings is 'n groeiende probleem. Navorsing toon dat hierdie probleem nie die gevolg is van een enkele faktor nie, maar die resultaat van 'n verskeidenheid wat invloed uitoefen op die leer van studente.

Talle navorsingsprojekte met betrekking tot die verbetering van die akademiese prestasie van eerstejaarstudente is die afgelope 18 jaar (1980-1997) op internasionale en nasionale vlak uitgevoer. 'n Algemene aanduiding is dat akademiese ontwikkelingsprogramme, aanvullend tot die formele onderrigprogramme gesien word as 'n moontlikheid om die probleem die hoof te bied.

Die massifikasie van tersiêre onderwys, wat veral gedurende die vroeë negentigerjare (1990-1995) in Suid-Afrika plaasgevind het, en die feit dat die oorgrote meerderheid van studente wat tot 'n oorbruggingsprogram toegelaat is, vanuit die voorheen benadeelde groeperinge van die Suid-Afrikaanse samelewing afkomstig was, het daartoe gelei dat hierdie studente as milieugedepriveerd geklassifiseer is. Nie net het daar 'n negatiewe konnotasie rondom oorbruggingskursusse ontstaan nie, maar het oorbruggingskursusse 'n remediërende aanslag verkry, wat vir die studente onaanvaarbaar was.

Die verandering in die politieke bestel van Suid-Afrika sedert 1994 het gelei tot die proklamering van verskeie wette met die doel om onder meer voorheen benadeelde individue en gemeenskappe in Suid-Afrika op te hef en diskriminerende praktyke uit te skakel. Hierdie veranderinge het tot 'n ongekende vraag na tegnologies geskoolde mannekrag vanuit die voorheen benadeelde groeperinge gelei.

Die doel met hierdie navorsing is om onder meer die:

- ontstaan en ontwikkeling van die technikonwese in Suid-Afrika met spesifieke verwysing na Technikon Pretoria kortliks aan die orde te stel;
- ontstaan en ontwikkeling van akademiese steungewing met inbegrip van 'n internasionale en nasionale perspektief oorsigtelik te bespreek;
- faktore wat 'n student se akademiese prestasie beïnvloed te kategoriseer en kortliks te bespreek;
- praktiese uitvoering van 'n behoeftebepaling vir akademiese steungewing aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe te Technikon Pretoria te dokumenteer;
- rou data tot verstaanbare en interpreteerbare eenhede te verwerk. Dit sal dan as basis geneem word om meganismes daar te stel wat sal verseker dat akademiese steungewing aan Technikon Pretoria nie net holisties benader sal word nie, maar ook in die praktyk toegepas sal word. Die primêre oogmerk is die verbetering van die akademiese prestasie van alle eerstejaarstudente aan Technikon Pretoria.

## SUMMARY

### **Guidelines for an academic development model for the Faculty of Economic**

### **Sciences at Technikon Pretoria**

by

**Gawie Stoltz Engelbrecht**

Promoter: Dr P H du Toit  
Co-Supervisor: Prof A de Boer  
University: University of Pretoria  
Department: Didactics  
Degree: Philosophiae Doctor (Curriculum Studies)

The poor academic performance and concomitant high failure rate of specifically first year students at tertiary institutions is a growing problem and research indicates that this problem is not the result of only one single factor but the resultant of many factors.

Considerable research projects regarding possible improvement of the academic performance of first year students did occur over the past 18 years (1980-1997) on international and national level. A general indicator is that academic development programmes, in conjunction with formal educational programmes, is seen to be a possible solution to the problem.

The massification of tertiary education that took place especially during the early nineties (1990-1995) in South Africa and the fact that the majority of students selected for a



bridging course were from the previously disadvantaged groupings of the South African society did lead to the classification of these students as milieudeprived. Not only did a negative connotation exist regarding bridging courses but did it also reflect a remedial character which was totally unacceptable for students.

The changes in the political dispensation of South Africa since 1994 did lead to the fact that many laws were proclaimed with the aim of uplifting the previously disadvantaged individuals and communities in South Africa and to rule out all forms of discriminating practices. These changes did lead to an unprecedented demand for technologically skilled manpower from employers for people from the previous disadvantaged groupings, in other words the demand from commerce and industry for individuals from previously disadvantaged groupings which received career focused education at a technikon did increase drastically.

The purpose of this research is inter alia to:

- shortly describe the origin and development of technikons in South Africa with specific reference to Technikon Pretoria;
- describe the origin and development of academic support with reference to international and national perspectives;
- list and describe those factors that influence the academic performance of a student;
- document the practical execution of a needs assessment for academic support for the Faculty of Economic Sciences at Technikon Pretoria;
- process the raw data into understandable and interpreted units. This will then be used as the basis from which mechanisms will follow as to ensure that academic support at Technikon Pretoria will not only be approached in a holistic manner but will also be applied in practice. The primary aim of increasing the academic performance of all first year students at Technikon Pretoria.



## INHOUDSOPGAWE

<b>SAMEVATTING</b> .....	(i)
<b>SUMMARY</b> .....	(iii)

### HOOFSUK 1

#### KONTEKS, PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN METODE VAN ONDERSOEK

<b>1.1</b>	<b>KONTEKS</b> .....	<b>1</b>
<b>1.2</b>	<b>AKTUALITEIT VAN DIE PROBLEEM</b> .....	<b>1</b>
<b>1.3</b>	<b>PROBLEEMSTELLING</b> .....	<b>12</b>
<b>1.4</b>	<b>DIE DOEL MET DIE STUDIE</b> .....	<b>12</b>
<b>1.5</b>	<b>HIPOTESESTELLING</b> .....	<b>13</b>
<b>1.6</b>	<b>NAVORSINGSMETODE</b> .....	<b>14</b>
<b>1.7</b>	<b>BEGRIPSVERHELDING</b> .....	<b>15</b>
1.7.1	Aanleg .....	15
1.7.2	Aanpassing .....	16
1.7.3	Akademie se ondersteuningsprogram .....	16
1.7.4	Akademie se ontwikkeling .....	17
1.7.5	Akademie se prestasie .....	17
1.7.6	Akademie se steungewing .....	17
1.7.7	Behoeftebepaling .....	18



1.7.8	Beplanningsvennote .....	18
1.7.9	Belangstelling .....	18
1.7.10	Eerstejaarstudente .....	18
1.7.11	Intelligensie .....	19
1.7.12	Loopbaangefokusde onderwys .....	19
1.7.13	Milieugestremdheid .....	19
1.7.14	Naskoolse jeugdige .....	20
1.7.15	Oorbruggingsprogram .....	20
1.7.16	Situasie-analise .....	20
1.7.17	Technikonopleiding .....	21
1.7.18	Technikononderrigprogram .....	21
1.7.19	Tegnologie .....	21
1.7.20	Verrykingsprogram .....	22
1.7.21	Vorbereidende program .....	22
<b>1.8</b>	<b>HOOFSTUKORDENING .....</b>	<b>22</b>

## **HOOFSTUK 2**

### **DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE TECHNIKONWESE IN SUID-AFRIKA MET SPESIFIEKE VERWYSING NA TECHNIKON PRETORIA**

<b>2.1</b>	<b>INLEIDENDE ORIËNTERING .....</b>	<b>25</b>
<b>2.2</b>	<b>DIE ONTWIKKELING VAN DIE TECHNIKONWESE IN SUID-AFRIKA (1967-1997) .....</b>	<b>26</b>
2.2.1	Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967) .....	26
2.2.2	Die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys (Wet 40 van 1967) .....	26
2.2.3	Die Wet op Onderwysdienste (Wet 41 van 1967) .....	27



2.2.4	Die Wysigingswet op Gevorderde Tegniese Onderwys (Wet 43 1979) .....	27
2.2.5	Die Wysigingswet op Gevorderde Tegniese Onderwys (Wet 84 van 1983) .....	28
2.2.6	Die Wet op die Adviesraad van Universiteite en Technikons (Wet 99 van 1983) .....	28
2.2.7	Die Wet op die Sertifiseringsraad vir Technikononderwys (Wet 88 van 1986) .....	28
2.2.8	Die Technikononderwyswet (Wet 125 van 1993) .....	28
2.2.9	Die Wysigingswetsontwerp op Technikononderwys (Wet 27 van 1995) .....	29
2.2.10	Die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Owerheid (Wet 58 van 1995) .....	29
2.2.11	Die Wet op Hoër Onderwys (Wet 101 van 1997) .....	30
<b>2.3</b>	<b>DIE KWALIFIKASIESTRUKTUUR VAN TECHNIKONONDERWYS .....</b>	<b>31</b>
<b>2.4</b>	<b>STATISTIEK MET BETREKKING TOT STUDENTETOENAME BY TECHNIKONS IN SUID-AFRIKA .....</b>	<b>33</b>
<b>2.5</b>	<b>DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN TECHNIKON PRETORIA .....</b>	<b>35</b>
2.5.1	Ontstaan (23 Julie 1906) .....	35
2.5.2	Voorstelling (1 Mei 1979) .....	36
2.5.3	Statusverlening (23 Julie 1993) .....	36
<b>2.6</b>	<b>DIE VISIE, MISSIE, HOOFTAAK EN WAARDESTELSEL VAN TECHNIKON PRETORIA .....</b>	<b>36</b>
<b>2.7</b>	<b>DIE ONDERWYSBELEID VAN TECHNIKON PRETORIA .....</b>	<b>39</b>
2.7.1	Statutêre en nie-statutêre vereistes .....	39



2.7.2	Fokusareas van die onderwysbeleid .....	40
<b>2.8</b>	<b>DIE BEHEERSTRUKTURE VAN TECHNIKON PRETORIA .....</b>	<b>50</b>
<b>2.9</b>	<b>STATISTIESE GEGEWENS TEN OPSIGTE VAN TECHNIKON PRETORIA .....</b>	<b>52</b>
2.9.1	Die groei in studentetal (1987-1998) .....	53
2.9.2	Die verandering in die profiel van die studentepopulasie (1987-1998) .....	53
2.9.3	Die onderverdeling, per fakulteit en kampus, van die studentetal vir 1998 .....	55
2.9.4	Registrasie per studierigting vir 1998 .....	57
2.9.5	Kwalifikasies toegeken gedurende 1997 .....	58
<b>2.10</b>	<b>DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSAPPE .....</b>	<b>58</b>
2.10.1	Die beheerstruktuur .....	59
2.10.2	Die profiel van die studentepopulasie .....	59
<b>2.11</b>	<b>SAMEVATTING .....</b>	<b>61</b>

### HOOFSTUK 3

#### AKADEMIESE ONTWIKKELING AAN TERSIËRE INRIGTINGS

<b>3.1</b>	<b>INLEIDENDE ORIËNTERING .....</b>	<b>63</b>
<b>3.2</b>	<b>BEGRIPSVERHELDERING .....</b>	<b>64</b>
3.2.1	Akademie se ontwikkeling .....	64
3.2.2	Akademie se steungewing .....	67
3.2.3	Akademie se ondersteuningsprogram .....	68
3.2.4	Oorbruggingsprogram .....	70
3.2.5	Vorbereidende program .....	71



3.2.6	Verrykingsprogram .....	71
<b>3.3</b>	<b>DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN AKADEMIESE ONTWIKKELING AAN TERSIËRE INSTANSIES .....</b>	<b>73</b>
3.3.1	'n Internasionale perspektief .....	73
3.3.2	'n Historiese perspektief rakende akademiese ontwikkelingsprogramme in Suid-Afrika .....	77
3.3.3	Akademiese steungewing aan universiteite (1970-1995) .....	84
3.3.4	Akademiese steungewing aan teknikons (1970-1995) .....	90
<b>3.4</b>	<b>DIE ONTWIKKELING VAN AKADEMIESE STEUNGEWING SEDERT 1996 .....</b>	<b>92</b>
3.4.1	'n Holistiese benadering tot akademiese steungewing .....	93
3.4.2	Befondsing en kwaliteitversekering .....	94
3.4.3	Studente-ontwikkeling .....	94
3.4.4	Personeelontwikkeling .....	94
3.4.5	Ontwikkeling van akademiese ondersteuningspersoneel .....	94
3.4.6	Organisatoriese ontwikkeling .....	95
3.4.7	Netwerkskepping en samewerking .....	95
<b>3.5</b>	<b>SAMEVATTING .....</b>	<b>95</b>

## HOOFSTUK 4

### FAKTORE WAT DIE PRESTASIE VAN STUDENTE AAN TERSIËRE INRIGTINGS BEÏNVLOED

<b>4.1</b>	<b>INLEIDENDE ORIËNTERING .....</b>	<b>97</b>
<b>4.2</b>	<b>FAKTORE WAT VAN 'N STUDENT 'N HOË RISIKO-STUDENT MAAK .....</b>	<b>97</b>



<b>4.3</b>	<b>FAKTORE WAT DIE AKADEMIESE PRESTASIE VAN STUDENTE AAN TERSIËRE INRIGTINGS BEÏNVLOED</b> .....	100
4.3.1	Akademie se faktore wat op 'n student se akademiese prestasie kan impakteer .....	104
4.3.2	Aanpassingsfaktore wat op 'n student se akademiese prestasie kan impakteer .....	113
4.3.3	Omgewingsfaktore wat op 'n student se akademiese prestasie kan impakteer .....	120
<b>4.4</b>	<b>SAMEVATTING</b> .....	124

## HOOFSTUK 5

### DIE PRAKTIESE UITVOERING VAN 'N BEHOEFTEBEPALING VIR AKADEMIESE STEUNGEWING AAN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE, TECHNIKON PRETORIA

<b>5.1</b>	<b>INLEIDENDE ORIËNTERING</b> .....	125
<b>5.2</b>	<b>PROSEDURE VIR DIE UITVOER VAN 'N BEHOEFTE- BEPALING</b> .....	126
5.2.1	Die funksionele stappe in die sisteembenaderingsmodel .....	127
5.2.2	Beplanningsvennote .....	129
<b>5.3</b>	<b>DIE VRAELYS AS NAVORSINGSINSTRUMENT</b> .....	136
5.3.1	Die opstel van die vraelys .....	137
5.3.2	Samestelling van die vraelys .....	139
5.3.3	Ontleding van die tipe vrae wat in die vraelys gebruik is .....	143
5.3.4	Hantering en verspreiding van die vraelys .....	144
5.3.5	Lengte van die vraelys .....	146

5.3.6	Die populasie en steekproef .....	146
5.3.7	Verwerking van die data .....	147
<b>5.4</b>	<b>VRAELYSRESPONSE VIR AFDELING A: Persoonlike besonderhede</b> .....	<b>155</b>
5.4.1	Persoonlike inligting van respondente .....	155
5.4.2	Gesinsagtergrond van die respondente .....	159
5.4.3	Die sosio-ekonomiese status van die respondente .....	161
5.4.4	Respondent se persepsie rakende die voltooiing van die kursus binne die voorgeskrewe minimum tydperk .....	165
5.4.5	Die respondente se persepsie oor werksmoontlikhede binne die beroepsfeer waarvoor hulle opgelei is .....	166
<b>5.5</b>	<b>VRAELYSRESPONSE VIR AFDELING B: Sekondêre skoolfase</b> .....	<b>167</b>
5.5.1	Die jaar waartydens respondente gematrikuleer het .....	167
5.5.2	Matriekprestasie van respondente .....	168
5.5.3	Die status van beroepsoriëntering op sekondêre skool .....	170
5.5.4	Grootste invloed op loopbaankeuse van respondent .....	170
5.5.5	Onderrig/hulp/leiding aan respondente .....	172
<b>5.6</b>	<b>VRAELYSRESPONSE VIR AFDELING C: Ervaringe te Technikon Pretoria</b> .....	<b>173</b>
5.6.1	Gaping tussen skool- en technikononderwys .....	173
5.6.2	Akademiese oriëntering te Technikon Pretoria .....	174
5.6.3	Aspekte wat respondente in 'n akademiese oriënteringsprogram sou wou sien .....	175
5.6.4	Die beskikbaarheid van voorgeskrewe handboeke en studiemateriaal .....	176
5.6.5	Prosedures vir die oplossing van griewe/probleme .....	178



<b>5.7</b>	<b>VRAELYSRESPONSE VIR AFDELING D: Studiemetodes en</b>	
	<b>-tegnieke</b> .....	179
5.7.1	Die respondent se studiegewoontes .....	179
5.7.2	Beskikbaarheid van studieruimte .....	183
5.7.3	Aspekte met betrekking tot die eksamen .....	183
5.7.4	Die lesinglokaal .....	186
5.7.5	Klassifisering van die praktikumtoerusting/-fasiliteite van Technikon Pretoria .....	188
5.7.6	Klassifisering van die ondersteuning soos vanaf die dosente ontvang .....	189
<b>5.8</b>	<b>VRAELYSRESPONSE VIR AFDELING E: Algemeen</b> .....	189
<b>5.9</b>	<b>SAMEVATTING</b> .....	193

## HOOFSTUK 6

### SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

<b>6.1</b>	<b>SAMEVATTING EN HIPOTESEVERIFIËRING</b> .....	194
<b>6.2</b>	<b>AANBEVELINGS</b> .....	199
6.2.1	Aanbevelings ten opsigte van implementering .....	200
6.2.2	Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing .....	204
<b>6.3</b>	<b>SLOTOPMERKING</b> .....	207



## LYS VAN TABELLE

<b>TABEL 1</b>	Kwalifikasiestruktuur van die Technikonwese.....	32
<b>TABEL 2</b>	Voltydse en deelydse inskrywings aan KGTO's (1967).....	33
<b>TABEL 3</b>	Aantal inskrywings aan residensiële teknikons (1996).....	34
<b>TABEL 4</b>	Onderverdeling van die studentetal aan die fakulteite van Technikon Pretoria (1998).....	56
<b>TABEL 5</b>	Aantal geregistreerde studente per studierigting aan Technikon Pretoria (1998).....	57
<b>TABEL 6</b>	Aantal kwalifikasies toegeken aan Technikon Pretoria (1997) .....	58
<b>TABEL 7</b>	Etniese samestelling van die studentepopulasie van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria (Hoofkampus) (1994-1997).....	60
<b>TABEL 8</b>	Faktore wat 'n negatiewe impak op die akademiese prestasie van 'n student kan uitoefen.....	103
<b>TABEL 9</b>	Skedule van vraelysverspreiding.....	145
<b>TABEL 10</b>	Klassifisering van gebied van herkoms.....	157
<b>TABEL 11</b>	Matriekprestasie van die respondente.....	169

<b>TABEL 12</b>	Die prioritering van die kategorieë wat die grootste invloed op die respondent se loopbaankeuse uitgeoefen het.....	171
<b>TABEL 13</b>	Die aantal respondente wat geen opleiding met betrekking tot gestelde kategorieë ontvang het nie.....	172
<b>TABEL 14</b>	Aspekte wat respondente in 'n akademiese oriënterings-program opgeneem wil hê.....	177
<b>TABEL 15</b>	Studieruimte van die respondente.....	183
<b>TABEL 16</b>	Faktore wat negatief op die akademiese prestasie van die respondente impakteer.....	190



## LYS VAN GRAFIEKE

<b>GRAFIEK 1</b>	Persentasie toename van swart studente aan universiteite en teknikons in Suid-Afrika (1984-1998).....	4
<b>GRAFIEK 2</b>	Slaagsyfer van graad 12-leerlinge in Suid-Afrika (1994-1998)...	6
<b>GRAFIEK 3</b>	Persentasie graad 12-leerlinge in Suid-Afrika wat universiteitsvrystelling verwerf het (1994-1998).....	6
<b>GRAFIEK 4</b>	Gemiddelde uitvalsyfer van eerstejaarstudente aan Technikon Pretoria (1994-1996).....	7
<b>GRAFIEK 5</b>	Gemiddelde uitvalsyfer van eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria (1994-1996).....	8
<b>GRAFIEK 6</b>	Aantal eerstejaarstudente te Technikon Pretoria wat meer as 50% van hul teoretiese eksamens druip (1994-1997).....	9
<b>GRAFIEK 7</b>	‘n Vergelyking tussen die aantal eerstejaarstudente van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria en Technikon Pretoria wat meer as 50% van hul teoretiese eksamens druip (1994-1997).....	10
<b>GRAFIEK 8</b>	‘n Vergelyking tussen die gemiddelde persentasie van die eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria en die gemiddelde persentasie van eerstejaarstudente aan Technikon Pretoria wat nie ‘n driejaar-kursus suksesvol in vier jaar kon voltooi nie.....	11



<b>GRAFIEK 9</b>	Etniese samestelling van die studentepopulasie van Technikon Pretoria (1987-1998).....	54
<b>GRAFIEK 10</b>	Die geslagsverdeling van die studentepopulasie van Technikon Pretoria (1987-1998).....	55
<b>GRAFIEK 11</b>	Verdeling per geslag van die respondente, Fakulteit en Technikon.....	155
<b>GRAFIEK 12</b>	Gemiddelde ouderdom per bevolkingsgroep vir die respondente.....	156
<b>GRAFIEK 13</b>	Etniese samestelling van die respondente, Fakulteit en Technikon.....	159
<b>GRAFIEK 14</b>	Aantal broers en/of susters van respondente.....	160
<b>GRAFIEK 15</b>	Tuiste van respondente terwyl hulle studeer.....	162
<b>GRAFIEK 16</b>	Vervoer van die respondente na en van die kampus.....	163
<b>GRAFIEK 17</b>	Beskikbaarheid van fondse om studiemateriaal aan te koop..	164
<b>GRAFIEK 18</b>	Respondente se persepsie rakende die voltooiing van die kursus waarvoor hulle geregistreer is binne die minimum voorgeskrewe tydperk.....	165
<b>GRAFIEK 19</b>	Onderverdeling per bevolkingsgroep van die respondente wat gedurende 1994 en vroeër gematrikuleer het.....	168
<b>GRAFIEK 20</b>	Groeperinge wat beroepsoriëntering uitgevoer het.....	170



<b>GRAFIEK 21</b>	Mate waartoe sekondêre skool-onderwys die respondent vir tersiêre onderwys voorberei het.....	174
<b>GRAFIEK 22</b>	Die reaksie van die respondente met betrekking tot hul tevredenheid rakende akademiese oriëntering te Technikon Pretoria.....	175
<b>GRAFIEK 23</b>	Gemiddelde aantal ure wat respondent per week studeer.....	179
<b>GRAFIEK 24</b>	Voorkeur van respondent om op sy/haar eie of as lid van 'n groep te studeer.....	180
<b>GRAFIEK 25</b>	Die gebruik van 'n studierooster.....	181
<b>GRAFIEK 26</b>	Lengte van studiesessie.....	182
<b>GRAFIEK 27</b>	Die aantal respondente wat van opsommings gebruik maak..	182
<b>GRAFIEK 28</b>	Verstaanbaarheid van vrae in toetse/eksamens.....	185
<b>GRAFIEK 29</b>	Die bestudering van die leerinhoud vir 'n toets of eksamen..	186
<b>GRAFIEK 30</b>	Response met betrekking tot die afneem van notas gedurende lesings.....	187
<b>GRAFIEK 31</b>	Klassifisering van die praktikumtoerusting/-fasiliteite te Technikon Pretoria.....	188
<b>GRAFIEK 32</b>	Klassifisering van die ondersteuning soos vanaf die dosente ontvang.....	189



## LYS VAN BYLAES

- BYLAAG A** Kommissies wat aangewys was om die strydvraag rondom die beheer van tegniese beroepsonderwys op te los (1911-1966).
- BYLAAG B** Vraelys vir die bepaling van die akademiese behoeftes van alle eerstejaarstudente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe aan die Technikon Pretoria.
- BYLAAG C** Alfabetiese lys van individue wat insette tot die vraelys gelewer het

## HOOFSTUK 1

### KONTEKS, PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLINGS EN METODE VAN ONDERSOEK

#### 1.1 KONTEKS

Die vertrekpunt van hierdie studie is die huidige situasie rondom akademiese ontwikkeling aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe aan Technikon Pretoria. Die fokus op die Fakulteit word holisties benader teen die agtergrond van die huidige tendense ten opsigte van akademiese ontwikkeling aan die Technikon in geheel, asook tendense op nasionale en internasionale vlak.

#### 1.2 AKTUALITEIT VAN DIE PROBLEEM

Dit is algemeen bekend dat die veranderinge wat sedert 1990 op die politieke terrein in Suid-Afrika plaasgevind het as die oorsaak en rede aangevoer kan word vir veranderinge wat op, byvoorbeeld die konstitusionele, politieke, sosiale en ekonomiese terreine plaasvind. Hierdie veranderinge impakteer op alle vlakke van die samelewing. Die onderwysvoorsieningstelsel van Suid-Afrika as een van die hoekstene van ekonomiese, sosiale en politieke ontwikkeling is derhalwe tans in 'n proses van transformasie (Dinkelman, 1997:1). Bengu stel dit soos volg:

*What I am saying is that transformation is something that all of us as South Africans must do for national survival. We must build a national system of education which can make a real contribution to educating all South Africans to face an increasingly challenging future* soos aangehaal in (Eastern Province Herald, 1997:8).

Die transformasie gaan, onder meer, gepaard met die promulgering van verskeie wette (vergelyk paragraaf 2.2) en beleidsdokumente wat volgens Asmal (1999:2) met die bestes in die wêreld vergelyk kan word. Die Wet op Hoër Onderwys (Wet 101 van 1997) oefen egter die grootste impak op die tersiêre onderwyssektor uit (Suid-Afrika, 1997(a):1). Hierdie Wet het daartoe gelei dat die rol, taak, funksie en beheerstrukture van alle tersiêre inrigtings in Suid-Afrika geherdefinieer en gewysig is ten einde die tersiêre onderwysstelsel meer vaartbelyn en gekoördineerd te maak (Rapport, 1997). Die teknikonwese in Suid-Afrika, as een van die voorsieners van tersiêre onderwys is derhalwe ook verplig om te transformeer. Bengu stel dit soos volg:

*Our message is that education and training must change. It cannot be business as usual in our schools, colleges, technikons and universities* (South Africa, 1995:1).

In antwoord op die vraag van die President van Suid-Afrika, Thabo Mbeki, soos aangehaal in Asmal (1999:1), naamlik “**Is our education on the road to the 21<sup>st</sup> century?**” het die Minister van Onderwys, prof Kader Asmal, gereageer deur redes aan te voer waarom die onderwysvoorsieningstelsel van Suid-Afrika nie aan die verwagtinge van die staat voldoen nie, naamlik:

*I will select the worst and most troubling features of our education and training system for special mention: the massive inequalities in access and facilities, the serious state of morale of the teaching force, failures in governance and management, and the poor quality of learning in much of the system* (Asmal, 1999:2).

Volgens Westraad en Van Rensburg is die herstruktering, en -definiëring van die tersiêre onderwysstelsel daarop gerig om primêr die volgende behoefte aan te spreek en te bevredig, naamlik:


*South Africa needs effective and successful business practitioners to initiate and maintain an economic renaissance in the new millennium* (Westraad, 1999:1)

en

*Higher education is faced with the challenge of preparing itself to fulfill its mission adequately in a world in transformation and to meet the needs and requirements of twenty-first century society, which will be a society of knowledge, information and education* (Van Rensburg, 1999 (c):1).

Volgens Fourie (1999:7) het Suid-Afrika se mededingende vermoë op die internasionale markte die afgelope vyf jaar verswak. Vanuit 174 lande het Suid-Afrika se posisie met betrekking tot menslike ontwikkeling van nommer 95 tot nommer 101 op die wêreldranglys gedaal. Gemeet aan die uitsprake van Asmal, Van Rensburg en Westraad is dit duidelik dat die onderwysvoorsieningstelsel van Suid-Afrika, en meer spesifiek die tersiêre sektor, sy visie, missie, doelstellings, doelwitte en waardestelsel sal moet wysig ten einde aan die behoeftes van die plaaslike en internasionale arbeidsmark te kan voldoen.

Die politieke veranderinge en gepaardgaande transformering het onder meer tot die massifikasie van tersiêre onderwys gelei met die gevolg dat die samestelling van die studentepopulasie aan teknikons en universiteite in Suid-Afrika, vir die periode 1984-1998, verander het. Volgens Mouton, soos aangehaal in dokumentasie van Technikon Pretoria (1999 (c):1&2), het die persentasie swart studente aan teknikons en universiteite in Suid-Afrika oor die vermelde periode drasties toegeneem met onderskeidelik 60% en 31% wat in die onderstaande grafiek grafies voorgestel word.

**GRAFIEK 1**
**PERSENTASIE TOENAME VAN SWART STUDENTE AAN UNIVERSITEITE  
 EN TECHNIKONS IN SUID-AFRIKA (1984-1998)**


Volgens Mouton, soos aangehaal in die tersake dokument van Technikon Pretoria (1999(c):10), is Technikon Pretoria gedurende 1998 die grootste residensiële technikon in Suid-Afrika met 21 442 studente (koppetelling). Dit beteken dat Technikon Pretoria oor 59% meer studente beskik as die tweede grootste residensiële technikon in Suid-Afrika, naamlik Vaaldriehoek Technikon met 13 519 studente.

As die grootste residensiële technikon in Suid-Afrika het die suksesvolle massifikasie van Technikon Pretoria dan ook daartoe gelei dat die samestelling van die studentepopulasie aan Technikon Pretoria (vir die periode 1987-1998) 'n drastiese verandering getoon het vanaf 'n oorwegend blank en Afrikaanssprekende studentepopulasie, na 'n multi-etniese en -kulturele studentepopulasie (vergelyk paragraaf 2.9.2).

Die finansiële krisis wat tans deur die tersiêre onderwysvoorsieningstelsel beleef word, kan volgens Van Rensburg (1999(c):15) toegeskryf word aan vele faktore waarvan die slaagsyfer en gepaardgaande deurvloeijsyfer maar een is:

*The financial crisis in higher education is compounded by the large number of under-prepared students who often take more than six years to complete a three year qualification.*


Statistiek met betrekking tot die slaagsyfer van die graad 12-leerlinge in Suid-Afrika, vir die periode 1979-1998, ondersteun hierdie opmerking van Van Rensburg. Die volgende afleidings kan gemaak word, naamlik dat:

- die totale aantal leerlinge in Suid-Afrika wat die senior sertifikaateksamens afgelê het met 718,2% toegeneem het (van 76 725 leerlinge gedurende 1979 tot 551 029 leerlinge gedurende 1998);
- die slaagsyfer van graad 12-leerlinge in Suid-Afrika met 49% gedaal het (van 90% gedurende 1979 tot 51% gedurende 1998);
- daar 'n afname van 29% in die aantal graad 12-leerlinge in Suid-Afrika is wat matrikulasievrystelling verwerf (van 42% gedurende 1979 tot 13% gedurende 1998) (Van Rensburg, 1999(b):1).


Vir die doel van hierdie studie is dit noodsaaklik om die akademiese prestasie van graad 12-leerlinge in Suid-Afrika vir die periode 1994-1998 van naderby te beskou. Vervolgens word die slaagsyfer van die leerlinge vir die vermelde periode grafies in grafiek 2 voorgestel; die persentasie leerlinge wat gedurende die vermelde periode universiteitsvrystelling verwerf het word grafies in grafiek 3 voorgestel (Van Rensburg, 1999(b):1).

GRAFIEK 2

## SLAAGSYFER VAN GRAAD 12-LEERLINGE IN SUID-AFRIKA (1994-1998)



GRAFIEK 3

PERSENTASIE GRAAD 12-LEERLINGE IN SUID-AFRIKA WAT  
UNIVERSITEITSVRYSTELLING VERWERF HET (1994-1998)

Dienooreenkomstig die dalende slaagsyfer van graad 12-leerlinge het die slaagsyfer aan Technikon Pretoria vir die periode 1994 tot 1998 'n daling van 12% getoon, vanaf 64% gedurende 1994 tot 52% gedurende 1998 (Technikon Pretoria, 1999(b)).


Die uitvalstatistiek vir eerstejaarstudente te Technikon Pretoria sedert 1994 toon 'n stygende tendens. Dit verteenwoordig daardie eerstejaarstudente wat:

- hul studies formeel gestaak het gedurende die eerste jaar van studie;
- nie gedurende die opvolgende registrasieperiode aan Technikon Pretoria geregistreer het nie.

Die gemiddelde uitvalsyfer van eerstejaarstudente aan Technikon Pretoria, soos bepaal deur Lourens (1998(c):2-5), vir die periodes 1994 tot 1995, 1995 tot 1996 en 1996 tot 1997 word grafies in die onderstaande grafiek voorgestel.

#### GRAFIEK 4


##### GEMIDDELDE UITVALSYFER VAN EERSTEJAARSTUDENTE AAN TECHNIKON PRETORIA (1994-1997)



Die gemiddelde uitvalsyfer van eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe te Technikon Pretoria, soos bepaal deur Lourens (1998(c):2-5), vir die periodes 1994 tot 1995, 1995 tot 1996 en 1996 tot 1997, word grafies in die onderstaande grafiek voorgestel.

### GRAFIEK 5

#### GEMIDDELDE UITVALSYFER VAN EERSTEJAARSTUDENTE AAN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE, TECHNIKON PRETORIA (1994-1997)




Vanuit die statistiek, soos voorgestel in grafiek 4 en 5, is dit duidelik dat die gemiddelde uitvalsyfer aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria hoër is as die gemiddelde van Technikon Pretoria deurdat die verskil vir die jare 1994, 1995 en 1996 onderskeidelik 17%, 2% en 16% is.

Die aantal eerstejaarstudente aan Technikon Pretoria wat sedert 1994 meer as 50% van hul teoretiese eksamens drui, toon volgens Lourens (1998(c):8) 'n toename van 2% - van 38% gedurende 1994 tot 40% gedurende 1997. Die respektiewelike persentasies word in die onderstaande grafiek voorgestel.

### GRAFIEK 6


#### AANTAL EERSTEJAARSTUDENTE TE TECHNIKON PRETORIA WAT MEER AS 50% VAN HUL TEORETIESE EKSAMENS DRUIP (1994-1997)



Die aantal eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria wat sedert 1994 meer as 50% van hul teoretiese eksamens drui, is volgens Lourens (1998(c):8) baie meer as die gemiddelde persentasie van Technikon Pretoria. Hierdie gegewens word grafies in grafiek 7 voorgestel.

### GRAFIEK 7


**‘N VERGELYKING TUSSEN DIE AANTAL EERSTEJAARSTUDENTE VAN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE, TECHNIKON PRETORIA EN TECHNIKON PRETORIA WAT MEER AS 50% VAN HUL TEORETIESE EKSAMENS DRUIP (1994-1997)**



Die persentasie eerstejaarstudente wat hul Nasionale Diploma met ‘n minimum studietydperk van drie jaar suksesvol in vier jaar voltooi, is volgens Lourens (1998(c):12) slegs 53%. Dit beteken dat 47% van die eerstejaarstudente nie daarin kon slaag om ‘n driejaarkursus binne die tydsbestek van vier jaar suksesvol te voltooi nie. Deur die 1994-inname van nuwelingsstudente as basis te neem, word daar in die onderstaande grafiek ‘n vergelyking gemaak tussen die gemiddelde persentasie eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria en die gemiddelde persentasie eerstejaarstudente aan Technikon Pretoria wat nie daarin kon slaag om hul driejaarkursus suksesvol in vier jaar te voltooi nie.

**GRAFIEK 8**

**‘N VERGELYKING TUSSEN DIE GEMIDDELDE PERSENTASIE VAN DIE EERSTEJAARSTUDENTE AAN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE, TECHNIKON PRETORIA EN DIE GEMIDDELDE PERSENTASIE VAN EERSTEJAARSTUDENTE AAN TECHNIKON PRETORIA WAT NIE ‘N DRIEJAARKURSUS SUKSESVOL IN VIER JAAR KON VOLTOOI NIE**



Die swak slaag- en dalende deurvloei syfer wat sedert 1994 deur Technikon Pretoria ondervind word, het daartoe gelei dat die Visekanselier en Rektor tydens die Akademiese Raadsvergadering, soos gehou op 30 Julie 1996, hierdie aspek as een van vier leemtes aan Technikon Pretoria identifiseer (Technikon Pretoria, 1996:6). Verder spreek hy die vertroue uit dat die Adjunk-Visekanselier (Akademies) die nodige navorsing sal aktiveer ten einde hierdie leemte aan te spreek.

### 1.3 PROBLEEMSTELLING

Uit die bogenoemde opmerkings is enkele leemtes geïdentifiseer wat die volgende ses kernprobleme binne Suid-Afrikaanse konteks op die voorgrond bring:

- ◆ Tot watter mate het die politieke veranderinge wat sedert 1990 in Suid-Afrika plaasvind op die samestelling van die studentepopulasie aan Technikon Pretoria geïmpakkeer?
- ◆ Wat is die impak van die verandering in die samestelling van die studentepopulasie op die slaagsyfer te Technikon Pretoria?
- ◆ Kan die spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat deur eerstejaarstudente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria ondervind word, wetenskaplik verantwoordbaar nagevors word?
- ◆ Is dit moontlik om die geïdentifiseerde probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wetenskaplik te klassifiseer en te kategoriseer?
- ◆ Kan strategieë, modelle en/of oplossings vir hierdie geïdentifiseerde probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes ontwikkel word ten einde die slaagsyfer van die eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria te laat verbeter?
- ◆ Kan hierdie strategieë, modelle en/of oplossings gekombineer word in 'n enkele akademiese ontwikkelingsmodel vir die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria?

### 1.4 DIE DOEL MET DIE STUDIE

Die onderhawige studie is daarop gemik om die volgende ses doelstellings te bereik:

- ◆ Om te bepaal en aan te dui in welke mate die politieke veranderinge, wat sedert 1990 in Suid-Afrika plaasvind, 'n impak op die samestelling van die studentepopulasie te Technikon Pretoria uitgeoefen het.
- ◆ Om te bepaal of die veranderende samestelling in die studentepopulasie 'n positiewe of negatiewe impak op die slaagsyfer te Technikon Pretoria uitgeoefen het.
- ◆ Die spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat deur studente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria ervaar word, wetenskaplik na te vors.
- ◆ Die geïdentifiseerde probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wetenskaplik te klassifiseer en te kategoriseer.
- ◆ Om strategieë, modelle en/of oplossings vir die geïdentifiseerde probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes te ontwikkel ten einde die slaagsyfer van eerstejaarstudente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria te verbeter.
- ◆ Die strategieë, modelle en/of oplossings in een akademiese ontwikkelingsprogram vir die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria te kombineer.

## 1.5 HIPOTESESTELLING

Teen die agtergrond van die gepostuleerde probleemstelling en daaropvolgende doelstellings vir hierdie studie, word die volgende vyf hipoteses gestel:

- ◆ Die politieke veranderinge wat sedert 1990 in Suid-Afrika plaasvind, het 'n definitiewe impak op die samestelling van die studentepopulasie aan Technikon Pretoria uitgeoefen.

- ◆ Die veranderende studentepopulasie van Technikon Pretoria het 'n negatiewe uitwerking op die slaagsyfer uitgeoefen.
- ◆ Die spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat deur eerstejaarstudente verbode aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria ervaar word, kan wetenskaplik nagevors word.
- ◆ Die geïdentifiseerde probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes kan wetenskaplik geklassifiseer en gekategoriseer word.
- ◆ Strategieë, modelle en/of oplossings vir die geïdentifiseerde probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes kan ontwikkel word ten einde die slaagsyfer van eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria te verbeter.
- ◆ Die daarstelling van 'n enkele akademiese ontwikkelingsprogram vir die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria is moontlik.

## 1.6 NAVORSINGSMETODE

Op grond van die gepostuleerde probleem- en doelstellings van hierdie studie is 'n fenomenologies-georiënteerde literatuurstudie op die navorsingsgebied van akademiese ontwikkeling uitgevoer. Die fokus is veral geplaas op daardie faktore wat negatief op die akademiese prestasie van 'n tersiêre student kan impakteer.

Die literatuurstudie is opgevolg met empiriese navorsing. Met die oog op kwalitatiewe terugvoer is gestruktureerde en ongestruktureerde onderhoude gevoer met onder meer:

- eerstejaarstudente, dosente, departementshoofde en die Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria;
- kundiges op die gebied van akademiese steungewing aan studente en dosente;



- navorsingsdeskundiges.

Hierdie onderhoude het daartoe gelei dat spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat deur eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria ervaar word, geïdentifiseer is. 'n Frekwensietabel is vervolgens as basis geneem vir die ontwikkeling en daarstelling van 'n gestruktureerde groepsvraelys.

Aan hand van die gestruktureerde groepsvraelys is die behoefte aan akademiese steungewing by eerstejaarstudente van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria wetenskaplik bepaal. Op grond van 'n frekwensietabel wat vanuit die voltooide en gekodeerde vraelyste opgestel is, is die rou data tot verstaanbare en interpreteerbare eenhede verwerk. Deur die verstaanbare en interpreteerbare data as basis te neem, is die navorser in staat gestel om sekere bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings te maak.

## **1.7 BEGRIPSVERHELDERING**

Sekere begrippe kom meermale in hierdie proefskrif voor. Ter wille van groter duidelikheid en om presies te weet wat bedoel word, is dit noodsaaklik dat enkele begrippe vervolgens omskryf word.

### **1.7.1 Aanleg**

Vanuit die literatuur is dit duidelik dat baie navorsing met betrekking tot "aanleg" die lig gesien het. Gevolglik bestaan daar talle definisies vir die begrip "aanleg", soos dié van Klopper (1984:34) en Louw (1984:14). Die indiepte-ontleding van die begrip "aanleg" en gepaardgaande definiëring van die begrip "aanleg" vorm egter nie deel van hierdie studie nie maar weens die belangrikheid en impak van 'n persoon se aanleg op sy/haar akademiese prestasie is dit egter noodsaaklik dat 'n operasionele definisie, ter verduideliking, daargestel moet word.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die begrip “aanleg” vanuit die literatuur gedefinieer as die aangebore en verworwe potensiele perseptuele, psigomotoriese en intellektuele vermoëns waaroor ‘n individu op enige stadium mag beskik en wat hom/haar dus in staat stel om definitiewe bekwaamhede en/of vaardighede suksesvol te ontwikkel (vergelyk paragraaf 4.3.1 (a)).

### **1.7.2 Aanpassing**

Soos in die geval met die omskrywing van die begrippe “aanleg”, “belangstelling” en “intelligensie” vorm die indieptestudie van die begrip “aanpassing” nie deel van hierdie studie nie. Vanuit die navorsingsliteratuur word ‘n operasionele omskrywing van die begrip “aanpassing” daargestel. ‘n Indieptebespreking van die begrip “aanpassing” word deur Roberts (1994: 72-75) en Vosloo (1986:17) verskaf. Vir die doel van hierdie studie word die begrip “aanpassing” omskryf as ‘n dinamiese proses waaraan die individu aktief moet deelneem en waar volwasse, doeltreffende en gesonde response ‘n wisselwerking tussen die individu en die omgewing verteenwoordig, met die uitsluitlike doel om ‘n kompromie tussen die individu en sy/haar omgewing daar te stel. Die oogmerk is dus om ‘n harmonie tussen die eise en behoeftes van die individu en die omgewing daar te stel ten einde minimale spanning en optimale doeltreffendheid teweeg te bring (vergelyk paragraaf 4.3.2).

### **1.7.3 Akademiese ondersteuningsprogram**

Vanuit die navorsingsliteratuur (vergelyk paragraaf 3.2.3) word die begrip “akademiese ondersteuningsprogram” vir die doel van hierdie studie omskryf as alle formele onderrigprogramme wat:

- aan alle studente gebied word;
- net met betrekking tot spesifieke onderrigprogramme aangebied word;
- daartoe sal lei dat studente suksesvol sal wees in hul studies deurdat hulle noodsaaklike algemene en spesifieke vaardighede, waaroor hulle nie beskik nie, sal aanleer;

- sal bydra tot die ontwikkeling van die student as totaliteitswese deurdat daardie akademiese en nie-akademiese aangeleenthede wat die student se akademiese prestasie negatief beïnvloed gediagnostiseer en geremidieer sal word.

#### **1.7.4 Akademiese ontwikkeling**

Vanuit die bestudering van die navorsingsliteratuur (vergelyk paragraaf 3.2.1) word die begrip “akademiese ontwikkeling” vir die doel van hierdie studie omskryf as ‘n totaliteitsbenadering tot die totale leerproses. Dit impliseer die ontwikkeling in totaliteit van al die personeel en studente verbonde aan ‘n bepaalde tersiêre inrigting met die uitsluitlike doel om die akademiese prestasie van die student positief te beïnvloed.

#### **1.7.5 Akademiese prestasie**

Vosloo (1986:18) omskryf die begrip “akademiese prestasie” as daardie punte wat die studente in verskillende vakke, afsonderlik en gesamentlik, behaal het terwyl Van Rooyen (1995:16) reken dat die begrip “akademiese prestasie” verwys na die Julie- en Desemberrapportpunte van leerlinge. Dit is egter nie duidelik of daar net na teoretiese óf ook praktiese aangeleenthede verwys word nie. Die begrip “akademiese prestasie” word vir die doel van hierdie studie omskryf as die finale punt wat ‘n student vir ‘n enkele onderrig aanbieding behaal het, aan die einde van ‘n bepaalde periode van leer, wat wisselend kan wees en waarby alle punte (teoreties en prakties) in berekening gebring is.

#### **1.7.6 Akademiese steungewing**

Vanuit die bestudering van die navorsingsliteratuur (vergelyk paragraaf 3.2.2) is dit duidelik dat daar uiteenlopende uitsprake en sieninge met betrekking tot die betekenis van die begrip “akademiese steungewing” bestaan. Vir die doel van hierdie studie word die begrip “akademiese steungewing” omskryf as daardie steun wat uitsluitlik en spesifiek net aan ‘n eerstejaarstudent verskaf word, nadat die student toelating tot ‘n inrigting vir tersiêre onderwys verkry en voordat die akademiese jaar ‘n aanvang neem. Dit omsluit die ondersteuning, ontwikkeling en instandhouding van akademiese en nie-akademiese vaardighede.

### **1.7.7 Behoeftebepaling**

Vanuit die navorsingsliteratuur (vergelyk paragraaf 5.1) is dit duidelik dat daar 'n wesentlike verskil in die betekenis en gebruik van die sinonieme begrippe “situasie-analise” en “behoeftebepaling” bestaan. Vir die doel van hierdie studie word die begrip “behoeftebepaling” as ondergeskik aan die begrip “situasie-analise” aanvaar deurdat dit kleiner in omvang is en ook die verpraktisering van die begrip “situasie-analise” verteenwoordig.

### **1.7.8 Beplanningsvennote**

Vir die doel van hierdie studie word daar volstaan met De Boer (1990:45) se omskrywing van die begrip “beplanningsvennote”, naamlik dat dit 'n breë spektrum van persone is wat tydens 'n situasie-analise geïdentifiseer kan word as vennote in die beplanning van vernuwing of verandering van die onderrig-leergebeure (vergelyk paragraaf 5.4).

### **1.7.9 Belangstelling**

Vanuit die literatuur is dit duidelik dat die begrip “belangstelling” moeilik definieerbaar is. Dit word breedvoerig deur Vosloo (1986:16 & 17) bespreek. Vir die doel van hierdie studie word “belangstelling” omskryf as die gerigtheid van 'n individu teenoor 'n bekende objek óf saak óf aktiwiteit, wat positief of negatief kan wees en wat op die totale persoonlikheid van die individu gebaseer is.

### **1.7.10 Eerstejaarstudente**

Vir die doel van hierdie studie dui die begrip “eerstejaarstudente” op alle studente wat vir slegs eerstejaarvakke aan Technikon Pretoria geregistreer het met inbegrip van alle voltydse en deelydse studente vanuit alle bevolkingsgroepe van Suid-Afrika.

### 1.7.11 Intelligensie

Vanuit die literatuur is dit duidelik dat baie navorsing rakende die begrip “intelligensie” die afgelope dekades die lig gesien het. Die indiepte-ontleding van die begrip “intelligensie” vorm egter nie deel van hierdie studie nie. Volgens Huffman, Vernoy en Vernoy (1996:248) is dit duidelik dat daar nie ‘n universele definisie vir die begrip “intelligensie” bestaan nie, alhoewel die meeste navorsers saamstem dat intelligensie ‘n stel kognitiewe karakteristieke en moontlikhede omsluit wat nie direk observeerbaar is nie. Vir die doel van hierdie studie volstaan die navorser by die beskrywing van die begrip “intelligensie” deur Louw en Edwards (1997:330), naamlik dat intelligensie in ‘n verskeidenheid van vorme geklassifiseer kan word, byvoorbeeld taallinguistiese, logika-wiskundige, ruimtelike, musikale, liggaamlike, spierbewuste, interpersoonlike en intrapersoonlike intelligensie (vergelyk paragraaf 4.3.1 (d)).

### 1.7.12 Loopbaangefokusde onderwys

Vanuit die navorsingsliteratuur (vergelyk paragraaf 2.7.2(f)) is dit duidelik dat die begrippe “beroepsonderwys” en/of “beroepsopleiding” nie sinoniem aan die begrip “loopbaangefokusde onderwys” is nie deurdat die begrip “loopbaangefokusde onderwys” veel meer as net “beroepsonderwys” en/of “beroepsopleiding” impliseer. Vir die doel van hierdie studie word die begrip “loopbaangefokusde onderwys” omskryf as ‘n lewenslange leerproses waar die leerder blootgestel word aan ‘n totaliteit van leergeleenthede rakende die loopbaan waarbinne die leerder homself/haarself bevind.

### 1.7.13 Milieugestremdheid

